

Ds. A. W. C. Bester

Vredendal Wes

12 Februarie 1978

Onderwerp: Lyding

Lees: Jesaja 53 verse 1 tot 12

Teks: Jesaja 53 vers 4

Sing: Psalm 68 vers 9

Gesang 121 verse 5 en 7

“Broers en Susters, ons eie lewens is dikwels vir ons ’n onbegryplike raaisel, veral ons lyding en smarte. Die pad waarop God ons lei, is dikwels vir ons so vreemd en benouend. Dit is ’n pad wat soms die steilste steiltes en die diepste dale deurkronkel. Dan voel dit soms asof God ons weggegooi het, asof Hy sy oë vir ons verberg het en sy ore vir ons geroep gesluit het. Ja, die werke van God se hande laat ons dikwels verdwaasd, verpletter en wanhopig met ’n verskeurde hart, verwoeste ideale en ’n verdonkerde toekomsverwachting.

“En wat begryp ons van dit alles? Niks! Dit lyk vir ons só onregverdig, só wreed. Want die krisis van die lyding, die skok wat dit deur ons laat gaan, tas ook ons geestelike ewewig en ons nugtere denke aan, sodat ons dwaas word voor God. Asaf het ook bely: ‘Toe my hart bitter gestemd en ek in my niere geprikkel was, toe was ék dom en het niks geweet nie; ek was ’n dier by U.’ (Ps 73:21,22)

“Dan kan ons in ons verbittering soms so dwaas optree. ’n Gebalde vuis wat na die hemel opgesteek word en God van onreg beskuldig. ’n Wrange opstandigheid wat uitskreeu: HERE waarom? Waarom juis ek en my dierbares?

“Ja, as dit met ons goed gaan, dink ons mos dat die lyding van ander ons nie sal oorkom nie. Maar dan vergeet ons dat elke mens vroeër of later die lydingspad moet loop, soms op die mees onverwagte tyd.

“En weet u wat die lyding só somber maak, is dat dit die mens daaraan herinner dat hy ’n sterfling is. Ja, agter die lyding staan daar die grimmige gestalte van die dood. In die lyding ontmoet ons die vloek van God wat op hierdie wêreld rus vanweë die sonde, want die straf vir die sonde is die dood.

“Maar Broers en Susters, luister, luister wat Jesaja hier sê. Hy praat van ’n ander wat in ons plek gaan staan het, wat die lydingslas van ons skouers afgeneem het en dit op Hom geplaas het. Jesaja bring hier die blye

boodskap van die heerlike Evangelie. Ons ganse lydensweg is uitgeruk uit die duister van God se vloek en omsluit met die glans van sy seën in Christus Jesus onse Here.

“Jesaja was in sy profetiese gees in die toekoms verplaas. In die vorige hoofstuk het hy die ellende van die volk gesien wat in ballingskap gedryf is weens hulle sonde. Maar hy het ook die verlossing gesien wat God bewerk het, naamlik die terugkeer uit Babel. En tog was die verlossing van die volk uit Babel nie die grootste nie, want hulle eintlike nood was nie die ballingskap van Babel nie, maar die ballingskap van sonde. En ook daaruit skenk God die verlossing deur Jesus Christus, die Kneg van die HERE. Dít is die Evangelie wat Jesaja hier verkondig. Jesus Christus is die een wat deur lyding en vernedering tot heerlikheid gekom het. Hy bring die ware verlossing wat bly tot in ewigheid. En hoe verskriklik was die lyding wat Hy moes deurmaak. Jesaja skryf: ‘Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.’ (Jes 53:2,3)

“Dít is hoe die natuurlike mens Jesus Christus se lyding sien: as ’n uitgeworpene; ’n skepsel wat geen reg op bestaan het nie; iemand vir wie jy jou skaam en met wie jy nie wil assosieer nie. En wat dit vir Jesus Christus dubbel swaar en seer gemaak het, was dat sy eie volk Hom só gesien het: as ’n godslasteraar en ’n indringer. Ja, as ’n misdadiger wat uiteindelik aan die kruis sy verdiende straf ontvang het.

“En tog het dit alles oor Hom gekom ter wille van óns oortredinge en óns ongeregthede. Vir die gelowige is Jesus Christus nie ’n skuldige misdadiger nie, maar ’n Middelaar en Borg vir ons sondes. Want Hy het daardie ontsettende vernedering en pyn verduur, omdat Hy in ons plek gaan staan het: ‘... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5) Dit is óns leed, óns vernedering, óns straf wat Hy moes verduur. By die gedagte hieraan gaan daar ’n siddering deur die gelowige. Daarom word dit vir ons alles só anders, ook ons krankhede en smarte, want Jesus Christus het ook ons krankhede op Hom geneem.

“As Jesaja hier praat van ons krankhede en smarte, dan bedoel Hy die krankhede en smarte wat ons

wettiglik self verdien vanweë ons sondes. En dit het Jesus Christus op Hom geneem en gedra tot die end toe. Jesus Christus het nie net plaasvervangend gely nie. Nee, sy lyding wat ook medelye.

“Maar Broers en Susters, dit beteken nou nie dat ons in hierdie lewe geen lyding meer sal hê nie. Dit beteken nie dat hierdie dinge net vir ander mense bestem is nie. Nee, dit beteken dat daar in ons lydingsgang verandering gekom het danksy Jesus Christus. Die krankhede en smarte wat hier deurworstel is, het nou anders geword, omdat Jesus Christus met sy lyding die angel en vloek daaruit geneem het.

“Die lyding wat ons ly, is dus nie God se straf wat ons verdien nie. As God ons moes straf na wat ons verdien, sou ons in hierdie lewe al die hel gesmaak het. Nee, ons lyding is lyding sonder vloek. Dit is ’n lyding wat losgemaak is van die verdoemenis en vasgebind is aan Jesus Christus. Want deur sy lyding en dood het Hy ook u en my lyding oorwin.

“En nou wonder ek, Broers en Susters, of hierdie Evangeliewoord van Jesaja al vir u ’n werklikheid geword het op u lydensweg? Het u Jesus Christus al gesien in u lyding?

“O, ek weet hoe verskriklik dit soms kan wees. Dat dit voel asof God ons wil vermorsel. Dat dit voel asof God ons lewensgeluk en lewensverwagtinge aan flenters skeur, sodat daar vir ons niks meer oorbly nie. En dan kom daar só maklik verbittering, magtelose opstand, blinde verset teen God wat so onbarmhartig en wreed kan wees.

“Dan sien ons nie meer Jesus Christus op ons lydensweg nie. Dan hoor ons nie meer hierdie Evangelie van Jesaja nie. Want al wat dan vir ons bestaan, is die harde werklikheid van ons eie lyding en smarte, asof ons mens-alleen die swaar las van ons leed moet dra. Ons vergeet dan dat daar by alles wat ons hier moet verduur die volheid van genade in Jesus Christus is. En as ons hierdie genade moet verbeur en hierdie Evangelie van Jesaja nie moet hoor nie, hoe ondraaglik swaar sal ons lydingslas dan wees? Want dan sal hierdie lyding en smarte wat God oor my laat kom, die loon vir my sonde wees. Dan sal dit God se vergelding wees oor my sonde. Dan sal dit God wees wat my van Hom af wegwerp.

“’n Lyding los van Jesus Christus is ’n lyding sonder genade. ’n Mens sien dit tot ’n geringe mate by die wêreldmens van vandag. Omdat daar in sy godlose

lewensfilosofie geen plek is vir God en Jesus Christus nie, het hy die eintlike lewe verloor, sodat hy allerlei hulpmiddels van buite nodig het om die lewe nog tot 'n mate te geniet. Hy leef net vir die oomblik. Per slot van sake het hy alles gedegradeer tot uitsigloosheid en verwildering. In so 'n lewe is die lyding 'n ontsettende vloek wat sy lewe verduister en vermink. Ja, sonder die blye bloodskap van Jesaja kan die mens nie sy las dra nie. Hy word uiteindelik daaronder waansinnig, sodat hy sy hand aan sy eie lewe slaan.

“Maar by God se kinders mag dit nie so wees nie, omdat ons deur geloof aan Jesus Christus verbonde is. Dan kan ons in die donkerste nag nog sien. Juis daarom kan ons die las van ons kruis nog tot die einde toe dra en kan ons die beker ledig. Want Jesus Christus het in ons plek gaan staan. Hy het ons krankhede op Hom geneem.

“Daarom is daar mense wat God nog in die grootste armoede en ellende kan dank vir sy gawes, selfs as daar nie eens genoeg is om in eie behoefte te voorsien nie. Mense wat in die hewigste pyn nog tevrede kan wees, selfs wanneer daar geen hoop op herstel is nie. Mense wat in die diepste droefheid en smart nog die regverdigheid van God kan bely, selfs wanneer die allerderbaarste hulle ontnem is.

“Daarom kind van God, as die HERE die drinkbeker van lyding in jou hand plaas, as dit voel asof Hy jou oopskeur, weet dan dat jy Jesus Christus deur die geloof sal ontmoet in jou lyding. Jesus Christus wat hierdie beker eenmaal vir jou geledig het. Ja, ons loop ons lydensweg nie alleen nie. Jesus Christus loop met ons saam.

“As jy Jesus Christus in jou lyding gevind het, dan het jy ook God in sy onbegryplike sondaarsliefde gevind. God wat jou deur lyde en dood na die lewe lei: die nuwe lewe op die nuwe aarde.

“Amen.”

Kommentaar:

Hoe vind jy Jesus Christus in jou lyding? As jou lyding vir jou ondraaglik geword het, vra Jesus Christus om jou voor te gaan en jou krag te gee. As Hy dit doen, dan het jy Hom gevind.